

# DISSIPELSKAP LES 31

1	GEBED
---	-------

*Bid* vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor die maak van dissipels toe aan die Here.

2	AANBIDDING (20 minute)	<i>[KENMERK VAN GOD] GOD IS DIE BEVRYDER</i>
---	------------------------	--

Meditasie

Aanbidding is bewondering en lofprysing van God.

Tema: Die God van die Bybel is die Bevryder.

**Lees** die volgende Bybelgedeelte saam met mekaar deur:

2 Kronieke 20:1-23.

Lees die uitleg voor of lê dit in jou eie woorde uit.

1. Hoe die HERE sy volk in die verlede bevry het.

Vertel kortliks hoe die HERE Sy volk van 'n aanval deur groot vyandige volke bevry het.

Lê veral klem op die volgende drie sake:

- As jy aangeval word, kom dan om die hulp van die HERE te vra (vers 4).
- Erken teenoor die HERE en teenoor mekaar dat julle kragteloos teen die aanvallers is (vers 12).
- Moenie in jou eie krag probeer veg nie en moenie bang wees nie. Glo dat die HERE die stryd vir julle sal stry en dat julle bevry sal word (vers 15-17,20).

2. Hoe die HERE sy mense vandag bevry.

Laat 'n paar mense kortliks vertel hoe die HERE hulle van een of ander aanval bevry het.

Aanbidding

*Aanbid* God als die Bevryder. Doen dit kortliks, om die beurt, of in klein groepies van drie mense.

2	DEEL (20 minute)	<i>[STILTETYE] EKSODUS 7:14 – 10:29</i>
---	------------------	---

*Maak beurte en vertel/deel (of lees) kortliks* wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Eksodus 7:14 – 10:29). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy sê nie.

4	ONDERRIG (70 minute)	<i>[GEBED] BID GOD SE WOORDE IN DIE BYBEL</i>
---	----------------------	---

As jy die Bybel lees of bestudeer hoor jy hoe God met jou praat. Gebed is weer die manier waarop God hoor hoe jy met Hom praat.

## A. MOTIVERING: WAAROM MOET JY DIE BYBEL IN JOU GEBEDE GEBRUIK?

1. Jy weet waarvoor jy mag bid.

Veral as jy onlangs 'n Christen geword het, weet jy nie altyd mooi waarvoor jy mag bid nie. In die Bybel kan jy baie gebede vind, wat jy kan gebruik in jou eie gebed tot God. Jy kan, byvoorbeeld, die gebede uit die Psalms, die Profete, die gebede van Jesus en van die apostels gebruik. Hulle het in hulle gebede baie keer jou eie gedagtes, gevoelens en stryd vir jou in gebed verwoord. En hulle het al jou vrae aan God alreeds vir jou verwoord.

In Handeling 4:18-31 lees ons hoe mense in die tyd van die Nuwe Testament Bybelverse uit die Ou Testament in hulle gebed gebruik. Hulle haal verse uit Psalm 2 aan wat ook hulle stryd beskryf. So kan ons ook woorde uit die Bybel gebruik in ons gebed tot God, want in die Bybel staan ervarings van gelowiges wat ooreenstem met ons ervarings.

Die apostels het gesien hoe die Joodse owerheid probeer het om met 'n komplot Jesus Christus te stop in sy Godgegewe taak (Lukas 22:47-71). Hulle het ook gesien hoe die Romeinse owerheid tekere gaan teen Jesus Christus (God se

Gesalfde) en Hom gekruisig het (Lukas 23:1-56). Hulle het gesien hoe die Joodse koning Herodus en die Romeinse goewerneur Pontius Pilatus vriende geword het agv. hulle vyandskap teen Christus (Lukas 23:12). Die apostels het 'n verlamde man genees en so het baie Jode in Christus geglo (Handelinge 3:1-26). Toe het die Joodse owerheid die apostels gearresteer, in die gevangenis gegooi en in 'n skynproses die apostels verbied om iets oor Jesus Christus te verkondig of te leer (Handelinge 4:1-22). Die doel van hierdie owerhede was om die Christene te dwing om stil te bly. Maar juis hierdie dreigemente was die rede vir Christene om meer te bid, om met groter vrymoedigheid te spreek en die evangelie te verkondig. In hulle gebed gebruik hulle die woorde in Psalm 2:1-2.

## 2. Só kan jy met vertroue bid.

**Lees** 1 Johannes 5:14.

Behalwe dat daar gebede van mense in die Bybel staan, maak God ook daarin sy wil bekend met betrekking tot allerlei sake en lewensterreine. Verder gee Hy instruksies, wysheid en beloftes vir ons. Wanneer jy die verse oor beloftes, wysheide, instruksies ens. uit die Bybel in jou gebed gebruik, sal jy meer dikwels oor dinge bid wat God graag wil hê dat jy oor moet bid. Jy sal gemakliker en met meer vertroue bid en God dinge vra wat in ooreenstemming is met sy wil. Dit gee jou 'n groot sekerheid dat God jou gebed regtig hoor en skep ook 'n groeiende verwagting dat Hy baie van jou gebede sal verhoor!

## B. METODE: HOE OM DIE WOORDE IN DIE BYBEL IN GEBEDE TE GEBRUIK

Daar is vier praktiese maniere om die woorde van die Bybel in jou gebede te gebruik:

### 1. Gebruik die Bybel in jou gebed tydens jou stiltetyd.

Lees 'n gedeelte uit die Bybel. Kies 'n Bybelvers en oordink die waarhede daarin. Gebruik dan die gedagtes wat by jou opgekom het oor hierdie waarheid om tot God te bid. Reageer in jou gebed op wat God aan jou duidelik wil maak in jou stiltetyd. Gebruik die woorde in die Bybel in jou gebed. Bid jou gekose Bybelvers vir jouself, vir 'n familielid, vir iemand naby en vir iemand ver van jou af. As jy saam met 'n vriend stiltetyd hou, kan jy ook jou gekose Bybelvers vir hom bid.

### 2. Gebruik die Bybel in jou gebed ná jou Bybelstudie.

Bestudeer 'n gedeelte uit die Bybel. Reageer dan in jou gebed op wat God tydens jou Bybelstudie vir jou geleer het. Gebruik die woorde in die Bybel in jou gebed. Bid veral oor hoe God wil hê dat jy hierdie waarhede in jou lewe moet toepas.

### 3. Gebruik die Bybel in jou persoonlike gebed.

Lees 'n gedeelte uit die Bybel en maak seker dat jy die woorde begryp. Bid dan die waarhede vers vir vers terug tot God. Reageer in jou gebed op wat God in die Bybel sê. Gebruik veral die gedagtes, gevoelens, vrae en versoeke van die skrywer van die Bybelgedeelte om jou gedagtes, gevoelens, vrae en versoeke tot God te verwoord.

### 4. Gebruik die Bybel in gebedstyd saam met andere.

Lees 'n gedeelte uit die Bybel saam en maak seker dat julle die woorde begryp. Verdeel die groep dan in groepies van twee of drie persone. Bid om die beurt die waarhede vers vir vers (elke groeplid bid net 1 vers op 'n slag) terug vir God. Noem die nommer van die vers en reageer in julle gebede op wat God in die Bybel gesê het. Dit is 'n goeie metode, omdat elkeen weet waaroor hy sal bid en elkeen 'n kans kry om 'n paar maal te bid. Deur twee-twee te bid gaan dit makliker as in 'n groep.

## C. VOORBEELDE: GEBRUIK VAN WOORDE IN DIE BYBEL IN GEBEDE

Die Psalms bevat baie gebede. Die gebede kan globaal in drie groepe verdeel word, naamlik:

- gebede vir jou eie nood
- gebede wat jou verhouding tot God herstel of verdiep
- en gebede vir die nood van andere.

### 1. Gebede vir jou eie nood en behoeftes.

Die skrywers in die Bybel was gewone mense net soos ons. Soms voel jy ver weg van God af en soms voel jy baie naby aan God. Soms was hulle baie bedroef oor hulle sondes en soms was hulle baie bly oor wat God vir hulle gedoen het. Soms het hulle gely onder slegte mense wat hulle onderdruk en vervolg het en soms was hulle kwaad vir hulle vyande. Soms het hulle gebed vir God se leiding en soms om hulleself te verander.

Skryf die titels en teksverwysings van die volgende 6 gebede op die bord. Bekyk elke gebed kortliks. Verdeel dan die groep in groepies van 2 of 3 persone elk en bid saam Psalm 15:1-5.

(1) 'n Gebed wanneer jy van God verlate voel: Psalm 13:1-4; Psalm 77:8-11.

Wanneer jy voel dat God jou verlaat het, druk jou verlatenheid dan uit teenoor God deur so 'n gebed. Gebruik die gebed uit die Bybel om uiting te gee aan jou angs, gevoelens van verlatenheid en verwerping. Op die regte tyd sal God weer baie naby jou kom.

(2) 'n Gebed wanneer jy verdruk word: Psalm 31:1-6,12-23

Wanneer jy gekonfronteer word met vyande (of enige vorm van kwaad) wat jou verdruk en vervolgt of met baie moeilike omstandighede te doen het, bid dan die gebed en gee uiting aan jou gedagtes van angs en gevoelens van pyn. Moenie vergeet dat jou lewensomstandighede ook in die hande van God is nie. Jy sal dan later die woorde van Dawid in vers 20-21 kan bevestig: "Hoe groot is u goedheid: dit is altyd daar vir dié wat U dien, U bewys dit voor die oë van die mense aan dié wat by U skuil. Deur u teenwoordigheid beskerm U hulle teen die sameswering van mense. U steek hulle weg vir dié wat vir hulle beskuldig."

(3) 'n Gebed van selfondersoek: Psalm 139:1-10,23-24

Wanneer jy voel of weet dat jou lewe nie reg is voor God nie, bid dan hierdie gebed van selfondersoek om jou verborge motiewe en duistere gedrag te ondersoek. Vra God om jou angste, wonde en verkeerde gedrag bloot te lê. God weet wat diep in jou hart aangaan, maar Hy wil hê dat jy Hom vra om hierdie dinge aan die lig te bring. Jesus het gesê, "Julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak" (Johannes 8:32). Selfs die waarheid oor jou donkerste geheime (sondes in jou verlede) kan jou vry maak!

(4) 'n Gebed van oorgawe: Psalm 25:4-5,7-10,12-15

Wanneer jy moeg is om jou eie pad te loop, bid dan 'n gebed van oorgawe. Gebruik die gebed uit die Bybel om jou oor te gee aan God se volmaakte weg. Dan sal jy ook ervaar wat die psalmis (psalmdigter) in verse 12 en vers 14 sê: "As iemand die Here dien, leer Hy hom watter pad hy moet kies. ... Die Here neem dié wat Hom dien, in sy vertroue en maak sy verbond aan hulle bekend." Jy sal ook met oortuiging vers 15 kan bid: "My oë is altyd op die Here gerig, want dit is Hy wat my voete uit die vangnet sal hou." En jy sal God se barmhartigheid en liefde ervaar!

(5) 'n Gebed om verandering: Psalm 15:1-5

Wanneer jy daarna verlang om te verander en suiwer en eg te word, bid dan 'n gebed van (persoonlike) verandering. Gebruik hierdie gebed uit die Bybel om uitdrukking te gee aan jou verlange om suiwer in God se teenwoordigheid te wandel. Wy jou daaraan toe om die waarheid in liefde te praat, te doen wat reg is en korrupsie te haat. Miskien is daar ook nog ander lewensterreine waarin jy graag sou wou verander. Bid dan hierdie verlangens tot God (Filippense 4:6-7). Vra of God jou sal verander en Hy sal jou verander! Vir God is niks onmoontlik nie! (Lukas 1:37)

(6) 'n Gebed om leiding: Psalm 143:8-10

As jy leiding nodig het oor die rigting van jou lewe of om te bepaal wat jy moet doen in moeilike tye, bid dan 'n gebed om leiding. Gebruik hierdie gebed uit die Bybel om uitdrukking te gee aan jou verlange om te weet wat God wil hê dat jy moet doen. Dan sal jy ook ervaar wat God in Psalm 32:8 sê, "Ek wil jou onderrig en jou die pad leer wat jy moet volg. Ek wil jou raad gee en my oog oor jou hou".

## 2. Gebede om jou verhouding met God te verdiep of te herstel.

Die skrywers van byvoorbeeld die Psalms was ook mense wat gegroei het in hulle verhouding tot God. Hulle het af en toe baie stryd daarmee gehad. Soms voel hulle skuldig of beskaamd oor sondes in hulle lewe. Dan bely hulle dit voor God. Soms voel hulle nie God se nabyheid nie of twyfel aan sy bestaan. Dan soek hulle ywerig na God. Of hulle wil juis God dank vir wat Hy gedoen het, dan prys hulle Hom en dan wy hulle hulself aan Hom toe. Gebruik hierdie gebede in die Bybel om jou verhouding tot God te herstel of te verdiep. Lees ook die Bybelverse wat hiermee saamgaan.

Skryf die titels en teksverwysings van die volgende 5 gebede op die bord. Bekyk kortliks elke gebed. Verdeel dan die groep in groepies van 2 of 3 persone elk en bid saam met mekaar Psalm 103:1-14.

(1) 'n Gebed van sondebelydenis: Psalm 51:1-16

Wanneer jy weet dat jy gesondig het teen God of teen iemand anders, of teen jouself of wanneer jou sondes jou oorweldig, bid dan 'n gebed van skuldbelydenis. Gebruik hierdie gebed uit die Bybel om uiting te gee aan jou skuld en skaamte, en om God om vergewing, reiniging en vernuwing te vra. Niks kan jou so skuldig, skaam en deur God verlate laat voel as die sonde nie. Niks kan jou lewe meer vernietig as sonde nie (om God se doel vir jou lewe te mis nie)! Moet nooit belydenis van jou sondes uitstel nie! Bid die gebed van skuldbelydenis en smeking vir herstel. Dan sal jy ook die waarheid van vers 19 ervaar: "Die offer wat U wil hê, o God, is verootmoediging: U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God."

(2) 'n Gebed om die nabyheid van God te besef/ervaar: Psalm 16:2,8-11; Psalm 73:23-26

Wanneer jy twyfel of God naby is, of wanneer jy sy nabyheid nie kan ervaar nie, bid dan 'n gebed wat jou help om te besef dat God naby is. Gebruik hierdie gebede uit die Bybel om te besef dat buiten God niks goeds in die hemel en op die aarde het nie (Psalm 16:2). Oefen jou om die Here bewustelik voor oë te hou in alles wat jy doen en om bewustelik in Gods nabyheid te beweeg. Besef dat Hy aan jou regterhand is sodat jy nie struikel nie. Omdat ons as mense van nature so ongeestelik is, moet ons onself telkens oefen om bewustelik in God se teenwoordigheid en nabyheid te lewe.

Leer Psalm 16:2 en 8 en Psalm 73:23-26 uit jou kop. Bid hierdie verse elke keer wanneer jy voel dat jy kontak met God verloor het. Jy sal dan ook kan sê “By U is daar oorvloedige blydschap. Uit U hand kom net wat mooi is” (vers 11).

(3) 'n Gebed van lofprysing: Psalm 103:1-14

As jy dink aan al die goeie dinge wat God vir jou gedoen het en ook dink aan al God se eienskappe, bid dan 'n gebed van lofprysing. Gebruik hierdie gebed uit die Bybel om God se karaktereenskappe en groot daade te prys. Jy kan ook jou bewondering vir God uitdruk deur musiek en sang. Vertel aan ander mense wie God is en watter goeie dinge Hy doen vir mense wat Hom eer. Hoe meer jy jou Bybel lees, hoe meer sal jy God leer ken! En hoe meer jy God leer ken, des te meer sal jy Hom prys!

(4) 'n Gebed van danksegging: Psalm 107:4-9

Wanneer jy God graag wil dank vir al die wonders en daade wat Hy vir jou gedoen het, bid dan 'n dankgebed. Gebruik hierdie gebed uit die Bybel om God te dank en voeg alles by waarvoor jy Hom spesiaal wil dank.

(5) 'n Gebed van toewyding aan God: Psalm 101:1-4

As jy jouself of 'n bepaalde deel van jou lewe wil toewy aan God, bid dan 'n gebed van toewyding aan God. Gebruik hierdie gebed uit die Bybel om uitdrukking te gee aan jou besluit om onbesproke en suiwer voor God te lewe. Ook jy mag bid wat daar in vers 3 en 4 staan: “Niks wat sleg is wil ek nastreef nie. Ek haat wat verkeerd is. Dit mag geen houvas op my hê nie. Valsheid wil ek van my af weg hou, van kwaad wil ek niks weet nie.”

### 3. Gebede vir die nood en behoeftes van andere.

Die skrywers in die Bybel spreek soms 'n seën oor mense uit. Soms roep hulle God se oordeel oor hulle vyande. Ook die Nuwe Testament bevat pragtige gebede wat jy kan gebruik om vir ander mense voorbidding te doen. Kom ons kyk na 'n paar sulke gebede.

Skryf die titels en teksverwysings van die volgende 3 gebede op die bord. Bekyk kortliks elke gebed. Verdeel dan die groep in groepies van 2 of 3 persone elk en bid saam met mekaar Psalm 20:1-5.

(1) 'n gebed om mense te seën: Psalm 20:2-9

Wanneer jy iemand wil seën, bid dan 'n gebed waarin 'n seën uitgespreek word. Gebruik die gebede in die Bybel om andere daarmee te seën. Al hierdie seëninge is natuurlik vir mense wat in die God van die Bybel glo en hulle vertroue op Hom stel. “Sommige vertrou op strydwaens en ander op perde, maar óns, ons vertrou op die Naam van die Here ons God” (Psalm 20:8).

(2) 'n Gebed om geregtigheid: Lees al die volgende verse. Psalm 10:1-15 (vers 15 letterlik: “breek sy arm”); Psalm 55:10-16 (vers 16 letterlik: “laat die dood hom oorval”); Psalm 94:1-11 (vers 2 letterlik: vergeld hom wat hy verdien”); Psalm 109:6-20 (*lees elke vers*); Lukas 6:27-28.

Wanneer jy die groot onreg sien wat in die wêreld gedoen word, dan sou jy bepaalde gebede uit die Bybel kan gebruik om jou verontwaardiging uit te druk oor die onreg. As jy die onreg sien, hoor of daarvan lees, dan kan jy daarteen bid en sou jy bepaalde woorde uit hierdie gebede in die Bybel kan gebruik. Christene glo immers dat die God van die Bybel die almagtige en enigste Heerser van die wêreld is. Reg en onreg het betekenis vir God. God is nie bly oor die kwaad nie en Hy haat almal wat die onreg doen en die geweld liefhet (Psalm 5:5-6; Psalm 11:5). Dis nie net God se barmhartige verlossing wat belangrik is in die wêreld nie, maar ook God se regverdige oordeel!

**MAAR:** Die Nuwe Testament beveel Christene om te doen wat in die Ou Testament nog onbekend was: christene mag geen vloek of oordeel oor mense uitspreek nie! Christene mag nooit wraak neem nie! Christene kry die opdrag om te bid vir die slegte mense dat hulle hul mag bekeer tot God en God se genade mag ontvang.

Maar as hierdie mense hulle tog nie bekeer nie en voortgaan met hulle kwaad, dan mag Christene bid dat God teen hulle optree; dan behoort Christene te bid dat God hulle verwar, hulle spraak onverstaanbaar maak vir mekaar (Psalm 55:10) en hulle posisie as leier van hulle wegneem (Psalm 109:8)! Dit is nie aan Christene gegee om oor buitestaanders te oordeel nie; wel oor gemeentelede wat hulle met ergerlike sondes gedra soos nie-Christene (1 Korintiërs 5:11-13). Christene mag nie wraak neem (Romeine 12:17-21), en beslis nie terroriste word nie. Christene moenie die volgende waarheid vergeet nie: “Die barmhartigheid triomfeer oor die oordeel” (Jakobus 2:13)!

(3) 'n Gebed van voorbidding: Kolossense 1:9-12

Wanneer jy vir ander christene voorbidding doen, dan sou jy hierdie gebed uit die Bybel kan gebruik om heel spesifieke dinge vir hulle te bid. Bid dat hulle God se wil ten volle sal ken en dat hulle sal leef soos dit gepas is voor die Here. Bid dat hulle in alles vir die Here 'n vreugde sal wees. Bid dat hulle vrug mag dra deur al die goeie wat hulle doen. Bid dat hulle geestelik mag groei en God steeds beter mag leer ken. Bid dat God hulle met sy krag sal versterk en dat hulle sal volhard en geduldig sal wees. Bid dat hulle onder alle omstandighede met blydschap God sal dank.

**Samevatting.** Gebruik die gebede in die Bybel in jou gebede tot God. Gebruik die gebede in die Psalms en die gebede van die profete in die Ou Testament en die gebede van Jesus Christus en van die apostels in die Nuwe Testament om jou eie gedagtes en gevoelens uit te druk. Maak hulle gebede ook jou eie gebede.

## D. BID DIE ONDERRIG IN DIE BYBEL

In die Bybel is daar nie net gebede wat jy in jou gebed kan gebruik nie. Daar is ook allerlei instruksies en kennis, beloftes en wysheid wat jy in gebed kan gebruik. Natuurlik moet jy hierdie instruksies, beloftes en wysheid eers goed verstaan en uitlê soos God dit bedoel het, voordat jy dit in gebed gebruik.

As jy in 'n groepie bymekaar is vir Bybelstudie of 'n gebedsbyeenkoms, lees dan eers 'n gedeelte uit die Bybel, verduidelik moeilike woorde en beantwoord vrae van die groep voordat julle dit in gebed gebruik. M.a.w., begryp 'n Bybelgedeelte eers baie goed voordat jy dit in gebed gebruik. Verdeel dan die hele groep in klein groepies van twee, drie of vier persone saam en bid dan die hele Bybelgedeelte vers vir vers (vgl. B, metode 4).

### 1. Gebede m.b.t. God se karakter en dade.

Gebruik in jou gebed die instruksies, kennis, wysheid en beloftes in die Bybel oor wie God is, oor Sy karaktereenskappe en oor wat God vir jou in die verlede gedoen het, en wat Hy nou in die teenwoordige tyd vir jou doen en in die toekoms nog sal doen. Hieronder staan twee voorbeelde van gebede oor God se sorg vir jou en oor sy verlossing.

(1) 'n Gebed vir God se sorg: Psalm 23:1-6

Hierdie Psalm praat oor hoe God as herder vir sy skape sorg. Gebruik hierdie Psalm om tot God te bid. Vra God om vir jou te sorg, sodat jy in geen enkele belangrike ding 'n tekort sal ervaar nie; om vir jou voedsel, kleding en behuising te sorg; om jou op die regte pad te lei; om jou te beskerm wanneer jy reis en jou te help in moeilike omstandighede; om jou te suiwer van alle valse beskuldigings teen jou vyande en bo alles, wy jou toe om elke dag te leef in God se nabyheid.

(2) 'n Gebed vir God se verlossing: Psalm 34:4-23

Hierdie Psalm praat oor God se verlossing. Gebruik hierdie Psalm om God te vra om jou te verlos van al jou angste, skuld, skaamte en moeilikhede. Vra Hom om altyd naby jou te bly wanneer jy gebroke voel en swaar getref is. "Die Here is naby die gebrokenes, Hy help die moedeloses" (Psalm 34:19).

### 2. Gebede oor die christelike lewe.

Gebruik die instruksies, kennis, wysheid en beloftes in die Bybel om te bid oor hoe jy moet lewe as christen.

(1) 'n Gebed vir onderlinge verhoudinge: Romeine 12:9-21

Hierdie Bybelgedeelte leer ons hoe om as christene met mekaar behoort om te gaan. Gebruik hierdie instruksies in jou gebed. Vra God om jou opregte liefde te gee vir jou naaste. Vra God vir 'n hart wat gerig is op die goeie, wat omgee vir die nood van andere, wat gasvry is, meevoel het, eensgesind en nederig is.

(2) 'n Gebed oor die sorg vir die nood van gemeentelede: 1 Tessalonisense 2:1-12

Die Bybelgedeelte leer ons hoe die leiers van die gemeente behoort te sorg vir die lede van die gemeente. Gebruik hierdie instruksies in jou gebede. Vra God of jy ook die moed mag hê om die evangelie te verkondig, ondanks sterk teenstand en dat jy geen eer by mense sal soek nie. Vra God of jy vriendelik mag wees soos 'n moeder en bemoedigend soos 'n vader wanneer jy met gemeentelede omgaan.

(3) 'n Gebed om gemeentelede aan te spoor om te verander: Titus 2:1-15

Hierdie Bybelgedeelte leer ons hoe die leiers van die gemeente die gemeentelede behoort te bemoedig. Gebruik hierdie instruksies in jou gebed. Vra God dat jy alleen onderrig sal gee aan mense wat ooreenstem met die suiwer leer van die Bybel. Vra God dat die ouer christene 'n goeie voorbeeld sal wees vir die jongeres en dat hulle ywerig in hulle bediening sal wees.

**Samevatting.** Gebruik die onderrig in die Bybel in jou gebede tot God. In 'n byeenkoms, lees jy eers die Bybelgedeelte. Probeer om die Bybelgedeelte te begryp voordat jy dit bid. Vra die groep of hulle vrae oor die Bybelgedeelte het en beantwoord dit eers. Verdeel die groep in groepies van twee-twee persone en laat hulle beurte maak om vers vir vers deur die Bybelgedeelte te bid.

5	GEBED (8 minute)	[REAKSIES] GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
---	------------------	---

**Lees** Romeine 12:9-21. Lê die Bybelgedeelte uit. Verdeel die groep in groepies van twee en maak beurte om die hele Bybelgedeelte vers vir vers deur te bid (vgl. B, metode 4).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
---	--------------------------	--

*Deel* die voorbereiding vir die volgende keer uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer of bestudeer die studie om die woorde van die Bybel in gebed te gebruik met iemand anders of met 'n klein groepie mense.
2. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Eksodus 11:1 – 14:31. Maak gebruik van die vroeë metode vir stiltetyd en maak kort aantekeninge.
3. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. (4) Efesiërs 4:1-16. Tema: Die doele van die gemeente. Maak gebruik van die vyf stappe metode en maak kort aantekeninge.
4. Gebed. Bid vir iemand of iets hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
5. Hou jou notas op datum. Hierdie keer oor aanbidding van God, jou stiltetyd en hoe om die Bybel in jou gebede te gebruik.